**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Graad 9** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2026**

**Die werk wat vir die Junie-vraestel van graad 9 geassesseer word:**

## Hardoplees

**Kortverhaal:** *Kon ek die horlosie maar net 30 jaar terugdraai*

## Luister en praat

**Jeugverhaal:** *Verandering kan aansteeklik wees*
**Onderhoud:** *Onderhoud met die skrywer van 'n jeugverhaal*

## Leesbegrip

**Tydskrifartikel:** *Sukses is nie noodwendig buite jou bereik nie*
**Resensie:** *Die oord*

## Taal

**Advertensie:** *Silwerkus Lagoon-vakansieoord*

## Opsomming

**Artikel:** *Beurtkrag*

## Skryf

Reflekterende opstel
Beskrywende opstel
Dagboekinskrywing
Brief van waardering

## Letterkunde

**Drama:** *Moet nooit op jou drome opgee nie*
**Gedigte:** *Die bokser*
*Kinders van die wind*
*Verhaal*
*Sprokie vir 'n stadskind*
*Die soldaat*

## Puntetoekenning

Hardoplees, luister en praat: /30

Leesbegrip: /10
Taal: /15
Opsomming: /5
Letterkunde: /10
Skryf: /30

**Groot totaal: /100**

**Vraestel 1** **Afdeling A** **Hardoplees**

**Kortverhaal:** Kon ek die horlosie maar net 30 jaar terugdraai

1 Hoe verlang ek net nie na my kinderdae nie. Die dae wat ek veilig en geborge in my ouerhuis gevoel het. Die dae wat ons nog nie moord, inbraak en diefstal eerstehands beleef het nie. Dae toe daar nog geen diefwering voor die vensters was nie. Om buite te slaap, is ons nie meer beskore nie. Sal ek ooit vergeet hoe ons kinders tot laat in die aand op ons fietse gery of toktokkie gespeel het?

2 Terwyl ek by die rooi verkeerslig staan, sien ek ’n man met ’n bordjie om sy nek wat lees: “Geen werk. Geen heenkome. Net ’n geldjie vir kos, asseblief.” My hart gaan uit na hom. Net nog ’n slagoffer van werkloosheid en swaarkry. Ek draai die venster af en stop ’n geldjie in sy bruingebrande hande. Die honger in sy oë maak plek vir dankbaarheid. ’n Dankbaarheid wat jou hartsnare roer.

3 Die verkeerslig slaan oor. Terwyl ek stadig wegtrek, wonder ek amper skuldig of hierdie bedelaar ooit vanaand ’n slaapplek het. Maar dis nou te laat om vir hom te vra. Ek sal beslis nie gewild wees as ek by ’n groen verkeerslig sou bly staan om eers by hom uit te vind of hy wél ’n slaapplek het nie. Ek kan al hoor hoe die ander motoriste op hul toeters lê.

4 By die volgende rooi verkeerslig sien ek uit die hoek van my oog hoe ’n sakkeroller ’n vrou se handsak uit haar hand gryp en weghardloop. Niemand sit die sakkeroller agterna nie. Ons is tog só bang om betrokke te raak.

5 Daardie aand word van ’n moord op die televisie berig. Tonele van bloedspatsels teen die mure word gebeeldsend. Dis hartseer dat daar mense is wat niks vir ’n ander een se lewe voel nie. ’n Mens wonder of hulle ooit ’n gewete het.

6 Gelukkig kan niemand die gelukkige, sorgvrye herinneringe van my kinderdae van my wegneem nie. Geen dief kan dit van jou steel nie. Net jammer vandag se kinders kan nie ook daardie sorgvrye dae beleef nie.

**Hardoplees:** Kon ek maar net die horlosie 30 jaar terugdraai

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Vraestel 1** | **Afdeling B** | **Luister en praat**

**Jeugverhaal:** Verandering kan aansteeklik wees

1 Met 'n bollatjie op die kop en 'n brilletjie op die neus, groet juffrou Swanepoel elke oggend die graad 9-klas vriendelik. Haar glimlag straal haar liefde vir kinders uit. Terwyl sy die werk aan ons verduidelik, loer sy altyd oor haar bril. Grys is beslis haar geliefde kleur. Haar rokke en skoene is almal grys. Nie slegs grys nie, maar ook oud-modies. Selfs die raam van haar bril is grys.

2 Die plakkate teen die muur is al dof van die ouderdom. "Waarom nuwe plakkate opsit as die ou plakkate nog hul doel dien? Verandering maak my ongemaklik," het sy altyd gesê. Geen wonder ons mag nie van sitplek verander het nie. Ook is die vetplante op die vensterbanke nie met helderkleurige blomme vervang nie.

3 Een Maandagoggend voor skool het die skoolhoof sy personeel meegedeel dat die klaskamers nuut uitgeverf sou word. Dan ook nie enige kleur nie. Dit moet mos nou juis lemmetjiegroen wees! Nie die grys mure waaraan sy gewoond is nie. Elke onderwyser sou ook 'n nuwe stoel kry. Ook nie sommer net 'n doodgewone stoel nie. Nee, een van daardie spoggerige stoele wat die ministers in hul kantore het. Elke leerling sou ook 'n nuwe tafel en stoel kry.

4 Drie weke later is al die klaskamers uitgeverf. Hoewel ons kinders gaande was oor die helderkleurige mure, het dit nie vir juffrou Swanepoel aangestaan nie. "Verandering" is nou nie juis in haar woordeskat nie. Soos ons kinders verwag het, het sy weer die ou, verbleikte plakkate teen die muur gesit.

5 Ons kinders het een pouse besluit dat ons nou net genoeg van hierdie ou, verbleikte plakkate gehad het. Een Vrydag, gedurende pouse, het ons kinders foto's van ons mooiste herinneringe van uitstappies met juffrou Swanepoel teen die mure opgesit. Sy het ook op elke foto verskyn, aangesien sy die uitstappies vir ons gereël het. Foto's nie met 'n bolla op die kop nie, maar golwende hare waar sy elke aktiwiteit met ons meemaak. Haar liefde vir kinders was duidelik.

6 Toe juffrou Swanepoel die klaskamer binnekom en sien wat ons doen, kon jy die waardering in haar oë sien. Die foto's het hul dankbaarheid vir die aktiwiteite wat sy vir ons gereël het, uitgestraal. Sy besef dat ons haar nie slegs as onderwyseres sien nie. Ons waardeer haar en alles wat sy vir ons doen.

7 Ons het ook die vetplante op die vensterbanke met helderkleurige blomme vervang. Vir die eerste keer het juffrou Swanepoel besef dat kleur lewe in 'n vertrek kan blaas. Die volgende dag het sy ons dan ook verras toe sy met 'n modieuse, helderkleurige rokkie en golwende hare by die klas opdaag.

**Jeugverhaal:** Verandering kan aansteeklik wees

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Oor watter <u>karaktereienskap</u> beskik juffrou Swanepoel in paragraaf 1?** | (1) |
| **2** | **Wat kan ons in paragraaf 1 aflei oor die <u>persoonlikheid</u> van juffrou Swanepoel as ons na haar kleredrag kyk?** | (1) |
| **3** | **Luister na paragraaf 2. Verskaf slegs EEN rede waarom jy sou sê dat juffrou Swanepoel nie van verandering gehou het nie.** | (1) |
| **4** | **Hoe pas die <u>dialoog</u> van juffrou Swanepoel in paragraaf 2 aan by haar aanvanklike <u>uitkyk</u> op die lewe?** | (1) |
| **5** | **Waarom sou jy sê die <u>chronologie van die verhaal</u> word in paragraaf 3 verbreek?** | (1) |
| **6** | **Watter <u>ooreenkoms</u> is daar tussen paragrawe 1 & 5 ten opsigte van juffrou Swanepoel se verhouding teenoor ons kinders?** | (1) |
| **7** | **Watter <u>emosie</u> het beide juffrou Swanepoel en ons kinders in paragraaf 6 ervaar? Verduidelik waarom *dieselfde* <u>emosie</u> ervaar is.** | (1) |
| **8** | **Bespreek die <u>ruimte</u> in paragrawe 5–7.** | (1) |
| **9** | **Hoe <u>verskil</u> die voorkoms van juffrou Swanepoel in paragraaf 1 met dié in paragraaf 7?** | (2) |
| **10** | **Watter vorm van <u>beeldspraak</u> tref ons in paragraaf 7 aan? Verduidelik.** | (1) |
| **11** | **Wat <u>openbaar</u> die verrassingsaktiwiteit oor die leerders se gevoelens teenoor juffrou Swanepoel?** | (1) |
| **12** | **Waarom dink jy het die kinders besluit om die vetplante en ou plakkate met helderkleurige items te vervang?** | (1) |
| **13** | **Hoe dra die herhaling van die woord "helderkleurige" in paragraaf 7 by tot die betekenis van die paragraaf en die nuwe lewensuitkyk van juffrou Swanepoel?** | (1) |
| **14** | **Verskaf slegs EEN rede waarom die bostaande luisterteks 'n voorbeeld van 'n <u>jeugverhaal</u> is.** | (1) |
| | **Totaal: 15** | **/15** |

**Voer 'n <u>onderhoud</u> met die skrywer van 'n jeugverhaal.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Toepaslike vrae en antwoorde: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, stemtoon en gesigsuitdrukking: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**GROOT TOTAAL: 30÷2=15** **/15**

**<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling A</u>** **<u>Leesbegrip</u>**

PIETER GROENEWALD *Die Huisgenoot*, 12 Junie 2026

**1 Tydskrifartikel:** <u>Sukses is nie noodwendig buite jou bereik nie</u>

1 Hoeveel mense droom net nie daarvan om ’n sukses van hul lewens te maak nie. Ongelukkig bly dit soms net by drome. Ander styg weer uit, aangesien hulle alles in hulle vermoë doen om ’n sukses van hul lewens te maak.

2 Die beste raad vir hulle wat hul drome wil najaag, is om hard te werk, deursettingsvermoë te hê, pligsgetrou te wees en nooit op te gee op jou drome nie. Hiervan is Danie ’n sprekende voorbeeld. Sy leuse is dan ook dat niks in jou pad moet staan om ’n sukses van jou lewe te maak nie. Hy het arm grootgeword. Daar was nie geld om nuwe klere te koop nie. “Ek het slegs twee verbleikte skoolhemde gehad. Vandaar dat die kinders my dan ook *bleeksiel* genoem het. Vleis was ’n luukse in ons huis. My ma kon darem een keer per maand vir ons ’n maalvleisgereg voorsit. Ons kon nie skaaptjops bekostig nie. Tóg was ons eintlik skatryk. Daar was baie liefde in ons huis. My ouers het my gereeld daarop gewys dat geld nie geluk en liefde kan koop nie. Ek het my voorgeneem om ’n sukses van my lewe te maak. My grootste droom was om ’n dokter te word.”

3 Danie het maar alte goed besef dat daar nie geld was om te gaan studeer nie. Gevolglik het hy hard gewerk om ’n beurs te kon kry. In graad 12 het hy by verskeie universiteite vir ’n beurs aansoek gedoen. Dan word sy droom bewaarheid. Hy sal daardie dag nooit vergeet toe hy ’n oproep van die Universiteit Stellenbosch gekry het nie. Op universiteit het hy besef dat hy hard sou moes werk, deursettingsvermoë aan die dag moes lê en pligsgetrou moes wees om sy graad te kon verwerf. Sewe jaar later is sy droom bewaarheid.

4 Hy praktiseer tans in Klawer. Hy wil baie graag in narkose spesialiseer, maar op die oomblik is dit vir hom belangriker om toe te sien dat hy maandeliks geld in sy ouers se rekening oorplaas. Ook neem hy hul gereeld met vakansie. Hulle het genoeg vir hom opgeoffer. Nou is dit sy beurt!

**1.1 Noem slegs EEN <u>struikelblok</u> wat sommige mense daarvan weerhou om ’n sukses van hul lewens te maak.** (1)
**1.2 Watter <u>ooreenkoms</u> kry ons in paragrawe 2 & 3?** (3)
**1.3 Wat, behalwe liefde en geluk, kan geld nie koop nie?** (1)
**1.4 Verskaf slegs EEN rede waarom die bostaande leesteks ’n voorbeeld van ’n <u>tydskrifartikel</u> is.** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**2 Resensie:** Die oord

1 *Die oord* is ’n Afrikaanse misdaad- en dramareeks wat in ’n vakansieoord afspeel. Die vakansiegangers is al soos familie. Dieselfde gesigte, dieselfde staanplekke, dieselfde stories. ’n Ontspanne vakansiegees verander in ’n nagmerrie toe die lyk van Elsabé en Drikus Cilliers se seun een oggend op die strand gevind is. Ná die ontdekking van die lyk word die atmosfeer geheimsinnig en gespanne. Skielik is almal ’n verdagte. Die spanning neem toe, aangesien verskeie vakansiegangers verdink word.

2 Martie, ’n kriminoloog en Elsabé se suster, het saam met die polisie gewerk om die moord op te los. Sy was van mening dat haar man wat hom in die tronk bevind het, iets met die moord te doen het. Ook sonder geen rede nie. Net soos haar man destyds ’n plastieksak oor haar kop getrek het, was daar ook ’n plastieksak oor hierdie tienerseun se kop getrek. Ook sý is soms verdink.

3 Die chronologie van die verhaal word telkens verbreek tydens terugflitse toe Paul, Martie se seun, op haar afgekom het nadat haar man, die prediker, ’n plastieksak oor haar kop getrek het. Nadat Paul die oggend toe die lyk op die strand gevind is in bebloede klere op die strand wakker geword het, het hy hom van die moord op sy neef verdink. Hy was bang dat hý ’n moordenaar kon wees. Gevolglik het hy so spoedig moontlik van die klere probeer ontslae raak deur dit in die kattebak van hul motor onder die spaarwiel weg te steek. Nadat Martie daarop afgekom het, kon sy nie ánders as om te wonder nie.

4 Nadat Elsabé op die bloed van haar seun in Drikus se kajuit afgekom het, het sy hom van die moord verdink. Haar vertroue in hom is reeds geskend, aangesien hy ’n buite-egtelike verhouding met Juanita Groenewald gehad het.

5 Toneelspel en dialoog wat by die veranderde omstandighede pas, die geloofwaardige optrede van die onderskeie karakters, die geheime en die verdenking van verskeie karakters dra by tot die sukses van hierdie misdaaddramareeks.

**2.1** **Verduidelik hoe die rustige ruimte van die vakansieoord, die jarelange vriendskap tussen die vakansiegangers en die beperkte aantal vakansiegangers bydra tot die spanning en misterie van die verhaal.** (1)

**2.2** **Bespreek hoe die atmosfeer ná die moord verander.** (1)

**2.3** **Waarom sou jy sê dat die onthulling van verskeie geheime tot konflik gelei het?** (1)

**2.4** **Waarom is die klimaks ’n belangrike deel van ’n spanningsverhaal?** (1)

**Totaal: 4** **/4**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**Advertensie:** Silwerkus Lagoon-vakansieoord

## SILWERKUS LAGOON-VAKANSIEOORD

1 Droom jy van ’n vakansie waar die ***helder*** see en vrolike sonskynstrale jou elke oggend begroet en jy die ***wit*** seesand al tussen jou tone kan voel? Net jy, die natuur en die brekende branders. Wel, dan is Silwerkus Lagoon-vakansieoord net die plek vir jou. By ons word elke gas se diepste verlange na rus, ontspanning en ontsnapping aan die daaglikse lewe in werklikheid omskep. Jy word soos familie. By ons kan jy al jou bekommernisse en stres by die werk verruil vir ’n wêreld van vrede. Silwerkus Lagoon-vakansieoord is nie bloot ’n vakansiebestemming nie, maar ’n ontsnapping aan die alledaagse roetine waar vrede heers. Hier voel dit soos ’n stukkie hemel op aarde. Dis bekostigbaar vir almal.

2 Die oord bied wêreldklas-akkommodasie met ’n asemrowende see-uitsig waar elke sonsopkoms en -ondergang jou hart vul met vrede. Die chalets is modern en toegerus met die nodige eetgerei en beddegoed. Jy hoef ook nie bang te wees dat beurtkrag jou sal oorval nie. Elke chalet is van sonpanele voorsien. Elke chalet het sy eie braai-area waar jy ***saans*** ’n tjoppie op die kole kan gooi. Al die chalets is rolstoelvriendelik. Ons akkommodeer almal. Ons is troeteldiervriendelik. Mense wat lief is vir diere, is altyd welkom. Skep soete herinneringe met jou geliefde troeteldier.

3 Daar’s ook ’n restaurant met gekwalifiseerde kokke op die perseel. Hier kan jy vis vars uit die see geniet. Daar is ook ’n braai-area waar jy self jou vis of vleis kan braai. Indien jy jou troeteldier restaurant toe sou wou bring, is jy altyd welkom. Die eienaar sê altyd dat diere ’n plekkie in sy hart het.

4 Sou jy verkies om die dag nie op die strand deur te bring nie, kan jy altyd gaan snorkel of op ’n kano op die lagoon gaan roei. Vir natuurliefhebbers is daar begeleide natuurstaproetes. Menige vissermanne vra vir ons om hulle op die diepsee uit te neem. Ons verwelkom sulke versoeke.

5 Moenie hierdie geleentheid op ontspanning misloop nie. Bespreek vandag nog en maak jou droomvakansie ’n werklikheid. Silwerkus Lagoon-vakansieoord is waar die see jou roep, die son jou omhels en die plek waarheen jou hart altyd wil terugkeer. Besprekings kan gemaak word by siwerlagoon@vakansieoord.co.za of telefonies by 012 273 5763.

**1 Skryf die betreklike voornaamwoord in reël 1 neer.** (1)

**2 Gee die intensiewe vorm vir die skuinsgedrukte woord in reël 1.** (1)

**3 Skryf die onderstreepte sin in reëls 1–3 oor, maar vervang die skuinsgedrukte byvoeglike naamwoord in reël 2 met ’n**

**byvoeglike bysin.** (1)

**4 Skryf die teenwoordige deelwoord in reël 3 neer.** (1)

**5 Skryf die onderstreepte sin in reëls 4–6 oor in die toekomende tyd.** (1)

**6 Dui die gesegde aan in die onderstreepte sin in reëls 4–6.** (1)

**7 Vorm 'n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 7.** (1)

**8 Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in reël 7 neer.** (1)

**9 Skryf die basiswoord van die onderstreepte woord in reël 9 neer.** (1)

**10 Wat beteken die onderstreepte idioom in reël 10?** (1)

**11 Skryf die sin in paragraaf 2 neer waar ons van emosionele taalgebruik gebruik maak.** (1)

**12 Wat is die funksie van die koppelteken in reël 11?** (1)

**13 Skryf die onderstreepte sin in reëls 13 & 14 oor in die lydende vorm.** (1)

**14 Skryf die onderstreepte sin in reëls 15 & 16 oor in die verlede tyd.** (1)

**15 Skryf die onderstreepte sin in reëls 15 & 16 oor in die ontkennende vorm.** (1)

**16 Vervang die skuinsgedrukte bywoord in die onderstreepte sin in reëls 15 & 16 met 'n bywoordelike sinsnede.** (1)

**17 Skryf die samestellende afleiding in reël 16 neer.**

**18 Skryf die onbepaalde voornaamwoord in reël 17 neer.** (1)

**19 Vorm 'n afgeleide persoonsnaam van die onderstreepte woorde in reël 17.** (1)

**20 Dui die attributiewe byvoeglike naamwoord in reël 18 aan wat in sy figuurlike vorm staan.** (1)

**21 Skryf die onderstreepte sin in reël 19 oor as 'n algemene vraagsin.** (1)

**22 Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 20.** (1)

**23 Skryf die onderstreepte sin in reël 22 oor in die direkte rede.** (1)

**24 Skryf die onderwerp in die onderstreepte sin in reëls 25 & 26 neer.** (1)

**25 Skryf die onderstreepte sin in reëls 25 & 26 oor as 'n spesifieke vraagsin.** (1)

**26 Skryf die direkte voorwerp in reël 26 neer.** (1)

**27 Gee die meervoud vir die onderstreepte woord in reël 27.** (1)

**28 Skryf die saamgestelde woord in reël 28 neer.** (1)

**29 Watter vorm van beeldspraak tref ons by die onderstreepte sin in reëls 28–30 aan?** (1)

**30 Vorm 'n soortnaamwoord van die onderstreepte bywoord in reël 31.** (1)

**Totaal: 30÷2=15** **/15**

**Vraestel 2** **Afdeling C** **Opsomming**

**Artikel:** Beurtkrag

**Som die artikel oor beurtkrag op in nie meer as 70 woorde nie.**

1 Hoewel ons nou al ’n tyd nie beurtkrag ondervind nie, lê die herinneringe van hierdie swart monster nog helder in ons geheue. Die monster wat so baie besighede beïnvloed het en gevolglik ’n negatiewe invloed op die ekonomie gehad het.

2 Veral restaurante het hieronder gely. Nie slegs moes restauranteienaars hul hande diep in die sak steek om gasstowe aan te koop nie, maar hulle moes ook sonpanele installeer. Aangesien al die restauranteienaars nie oor die nodige fondse beskik het om sonpanele aan te bring nie, het dit tot gevolg gehad dat hulle baie besigheid verloor het. Sommige restauranteienaars het kragopwekkers aangeskaf, wat tot gevolg gehad het dat ’n groot deel van hul wins gebruik moes word om brandstof vir die kragopwekkers aan te koop.

3 Fabrieke is ook geraak. Minder goedere is geproduseer, wat tot die afdanking van menige werkers gelei het. Gevolglik het dit die sosiale lewens van baie huishoudings geraak. Baie broodwinners het gevolglik sonder werk gesit, wat veroorsaak het dat minder geld op die luukse spandeer is en dat slegs die nodige voedsel gekoop is. Dit het tot gevolg dat besighede baie verloor het.

4 Dit het ook huishoudings omver gegooi. Kinders moes baie keer by herlaaibare ligte leer. Die voorbereiding van etes is rondom beurtkrag gedoen. Televisieprogramme moes wag vir die heruitsending die volgende dag. Dis juis hier waar duidelik gesien kan word dat geld wel nie geluk en liefde mag koop nie, maar wel gerief by die installasie van sonpanele.

5 Hoewel beurtkrag baie ongerief tot gevolg gehad het en die ekonomie ’n groot knou gegee het, het die mens meer bewus geraak van energiebesparing. Deur die installasie van sonpanele is baie huishoudings, besighede en fabrieke minder afhanklik van die nasionale kragnetwerk.

6 Om te probeer verhoed dat ons weer beurtkrag sal ondervind, is dit belangrik dat meer in energie-infrastruktuur belê word en dat alternatiewe energiebronne soos son- en windkrag verder ontwikkel word. Op hierdie manier kan ’n meer betroubare elektrisiteitsvoorsiening vir die toekoms verseker word.

**Totaal: 5** **/5**

**Vraestel 3** **Skryf**

**Skryf 'n reflekterende opstel van 250–300 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Ek oorkom my grootste uitdaging / Ek oorwin my vrees / Uitdagings bou veerkragtigheid

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Ervaringe, chronologie en beskrywing: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Refleksie en insig: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering, taalgebruik en struktuur: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n beskrywende opstel van 250–300 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Die mense in ons straat / Op die markplein / Die interessante familielid / Op die strand

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywende woorde, beeldspraak en stylfigure: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Skryfstyl, idiome en emosionele taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf 'n dagboekinskrywing van 160–180 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Die week op die eiland / My week as kelner/in / Die toer / Elke dag se verrassing

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Gebeure, chronologie en emosies: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Formaat, leestekens en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n vriendskaplike brief van 160–180 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Bedank jou vriend vir sy hulp / Bedank jou ouers vir hul wyse raad

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Gevolge, waardering en emotiewe taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Formaat, aanspreekvorm en leestekens: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**Vraestel 4** **Letterkunde**

1 **Drama:** Die droom van ’n paar tekkies

*Terwyl Nel en Jan langs die atletiekbaan sit, kyk Nel na sy tekkies. Hy droom al so lank van die Comrades. Hy besef dat hy ’n paar goeie tekkies vir die Comrades sal moet hê. Sy tekkies sal beslis nie aan die vereistes voldoen nie. Daar is net eenvoudig nie geld vir ’n paar Nike-tekkies nie.*

Jan: (*nuuskierig*) Wat staar jy so na jou tekkies?

Nel: (*terneergedruk en moedeloos)* Ek wil so graag aan die Comrades deelneem. Dis my droom. Maar nou ja, hierdie tekkies sal altyd tussen my en my droom staan. Ek kan nie van my pa verwag om nuwes te koop nie. Hy het sy werk verloor.

Jan: (*opbeurend)* Nie noodwendig nie. Jy kan mos self vir ’n paar tekkies spaar.

Nel: (*dankbaar en vasberade)* Dankie, dis nog die beste raad wat iemand vir my gegee het. Voortaan sal ek elke moontlike geleentheid gebruik om sakgeld te verdien. Hoeveel mense is net nie te lui om self hul voertuie te was nie? Dan nie eers om te praat van om hul gras te sny nie. Ek kan elke sent spaar. Die skoolsnoepie sal my vir ’n jaar nie sien nie.

*Nege maande later sit Jan en Nel op dieselfde plek langs die atletiekbaan. Maar hierdie keer ’n ander Nel. ’n Nel met ’n glinstering in die oë.*

Nel: (*opgewonde)* Deur gras te sny, motors te was en te spaar het my droom ’n werklikheid geraak. Ek het genoeg geld om ’n paar tekkies wat vir die Comrades geskik is, te koop. Nie net het ek genoeg geld vir ’n paar splinternuwe tekkies nie. Ek het ook genoeg geld om met die bus Comrades toe te ry en sakgeld vir daardie ongelooflike dag waarvan ek al so lank droom.

Jan: *(met ’n glimlag)* Snaaks dat mense wat ’n goeie inkomste verdien, so maklik geld uitgee. Hulle besef nie wat dit is om swaar te kry nie. Nie dat jy kla nie. Of hoe?

*Nog net ’n paar tree. Die trots in sy ouers se stem as hy hulle vanaand telefonies gaan meedeel dat hy die Comrades voltooi het, sal die perfekte afsluiting van sy droom wees. Dan die verrassing! Sy pa wag hom in by die wenstreep.*

Pa: (*trots)* Seun, ek is so trots op jou. Jy het nooit opgegee nie. Jy het in jou droom geglo. Jy het hard geoefen en jou droom self ’n werklikheid gemaak.

Nel: (*verras en emosioneel*) Pa, ek het gedroom van nuwe tekkies en die Comrades. Maar Pa se teenwoordigheid en belangstelling verskaf my veel meer vreugde.

1 **Drama:** Moet nooit op jou drome opgee nie

**1.1** **Wat verstaan jy onder: "Hierdie ou tekkies sal altyd tussen my en my droom staan"?** (1)

**1.2** **Hoe sluit die toneelaanwysing van Nel se tweede spreekbeurt aan by die inhoud van hierdie spreekbeurt?** (1)

**1.3** **Hoe verskil die gemoedstoestand van Nel tydens sy eerste spreekbeurt met dié van sy tweede spreekbeurt?** (1)

**1.4** **Waarom sou jy sê is die nuwe tekkies wat hy begeer, meer as net gewone tekkies vir Nel?** (1)

**1.5** **Evalueer Nel se besluit om self geld vir nuwe tekkies te spaar, eerder as om geld van sy pa wat sy werk verloor het, te verwag.** (1)

**1.6** **Noem slegs EEN karaktereienskap van Nel.** (1)

**1.7** **Hoe verskil die ruimte tydens die inleiding en die eerste insetsel met dié van die laaste insetsel?** (1)

**1.8** **Wat simboliseer die eindstreep in hierdie drama?** (1)

**1.9** **Waarom sou jy sê het daar karakterontwikkeling by Nel plaasgevind?** (1)

**1.10** **Verduidelik waarom die teenwoordigheid van Nel se pa by die eindstreep so betekenisvol vir hom is.** (1)

**1.11** **Watter morele les kan ons hier leer?** (1)

**1.12** **Verduidelik hoe die tema van "Moet nooit op jou drome opgee nie" in hierdie drama uitgebeeld word.** (1)

**1.13** **Waarom sou jy sê dat Nel die hoofkarakter in hierdie drama is?** (1)

**1.14** **Reken jy die inhoud van hierdie drama is geloofwaardig?** (1)

**1.15** **Verskaf slegs EEN rede waarom jy sou sê dat die bostaande leesteks 'n voorbeeld van 'n drama is.** (1)

**Totaal: 15÷3=5** **/5**

## 2 Gedigte

**2.1 Watter effek het die gebruik van allitererende woorde in versreël 2 van die onderstaande strofe uit "Die bokser" op die klank en atmosfeer?**

"waar wit bors fier teen wit bors staan
en skim teen skim die skynhou slaan;"

*Ernst van Heerden*

**2.2 Watter stemming word in die onderstaande strofe uit "Kinders van die wind" geskep deur *die deuntjie wat draal* te vergelyk met *vaag onthoude grepies uit 'n ou verhaal*?**

"Die woorde is vergete
en tog, die deuntjie draal –
soos vaag onthoude grepies uit
'n baie ou verhaal ..."

*Koos du Plessis*

**2.3 Waarop dui die stylfiguur wat ons in versreël 4 van die onderstaande strofe uit "Verhaal" aantref?**

"'n Vrou het stil geword van baie wag:
die aarde het gegly deur die spiraal
van dag na dag, was beurtelings groen en vaal,
en sy het soms gehuil en soms gelag."

*Elizabeth Eybers*

**2.4 Waaroor handel die onderstaande strofe uit "Sprokie vir 'n stadskind"?**

"As die reën van stof en roet verby is
en die rook verdwyn,
sal daar in die sterrelose hemel
'n neonboog verskyn."

*Koos du Plessis*

**2.5 Skryf die klanknabootsende woord in die onderstaande strofe uit "Die soldaat" neer wat die *stilte* en *eensaamheid* in die woestyn verbreek.**

"Alleen
in die woestynaand se skemering
wat stadig om hom kring
vaal soos die stof
waardeur sy swaar soldateskoene plof."

*Uys Krige*

**Totaal: 5** **/5**

**TOTAAL: 5+5= 10** **/10**

**<u>Memorandum</u>** **<u>Junie 2026</u>**

**Jeugverhaal:** <u>Verandering kan aansteeklik wees</u>

1 Sy was vriendelik. / Sy was liefdevol.
2 Sy was konserwatief.

3 Sy het nie nuwe plakkate teen die muur gesit nie. /
Sy het nie toegelaat dat ons kinders op 'n ander plek gaan sit het nie. /
Sy het die vaal vetplante nie met helderkleurige blomme vervang nie.

4 Sy het nie van verandering gehou nie.
5 Die skoolhoof ***kondig aan*** (in die hede) dat die klaskamers ***uitgeverf sou word*** (in die toekoms). Die mure ***sou*** lemmetjiegroen ***wees*** (in die toekoms). Nie die vaal mure soos sy daaraan ***gewoond is*** nie (in die hede.) / Die skoolhoof ***kondig aan*** (in die hede) dat hul nuwe stoele en lessenaars (in die toekoms) ***sou kry*** en dat hulle die ou stoele en lessenaars (wat hulle in die verlede ***gebruik het /*** *in die hede* ***gebruik***) met nuwes ***sou vervang*** (in die toekoms).
6 Sy het kinders liefgehad.
7.1 Die ***emosie*** van waardering.
7.2 Die feit dat hulle al hul gunstelingfoto's saam met haar teen die muur geplak het, is 'n bewys van hul waardering vir haar. Op háár beurt het sy hul liefde en waardering vir haar waardeer.
8 Dit is in die klaskamer.
9 Terwyl sy in paragraaf 1 slegs grys,✓ oud-modieuse ✓klere gedra het, het sy in paragraaf 7 helderkleurige, modieuse klere gedra.
10 Ons tref personifikasie aan. ***Kleur*** kan nie blaas nie. Slegs 'n ***mens*** kan.
11 Die kinders gee om vir juffrou Swanepoel en waardeer haar.

12 Om die klaskamer vroliker en aantrekliker te maak. /
Hulle wou meer lewe en energie in die ruimte bring.

13 Dit wys daarop hoe die kleurvolle verandering die atmosfeer en juffrou Swanepoel se siening rondom kleur ***beïnvloed het***. /
Dit ***beklemtoon*** dat selfs juffrou Swanepoel deur kleur geïnspireer kan word.

14 Karakters tree handelend op. / Ons tref 'n hoofkarakter aan. / Ruimte en tyd word aangedui. / Die chronologie van die verhaal word ***verbreek***. / Karakters beskik oor karaktereienskappe. / Karakterontwikkeling vind plaas. / Plat karakters word aangetref. / Dit is verhalend van aard. / Oorsaak en gevolge word gegee. / Die verhaal loop op na die klimaks. / Die ***klimaks*** is verrassend. / Derdepersoonsverteller tree op. / Dialoog wat by ***karaktereienskappe*** pas, word aangetref.

**<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling A</u>** **<u>Leesbegrip</u>**

1 **Tydskrifartikel:** <u>Sukses is nie noodwendig buite jou bereik nie</u>

1.1 As jy ***nie*** hardwerkend is ***nie***. / Om ***geen*** deursettingsvermoë te hê nie. / As jy lui is. / As jy op jou drome opgee. / 'n Gebrek aan fondse. / Sommige mense kry nie 'n beurs vir verdere studies nie. **(slegs EEN)** (1)

1.2 Om 'n sukses van sy lewe te maak en sy droom te bewaarheid, was Danie hardwerkend✓, hy het deursettingsvermoë✓ gehad en hy was pligsgetrou✓. (3)

1.3 Gesondheid / Vrede in jou hart / Gemoedsrus / Harmonie **(enige ander aanvaarbare antwoord)** (1)

1.4.1 Hier word 'n joernalis aangetref.
1.4.2 Die artikel verskyn in 'n tydskrif.
1.4.3 Die datum van die uitgawe word aangebring.
1.4.4 Dit teiken 'n spesifieke mark.
1.4.5 Die inhoud is geloofwaardig en nuuswaardig.
1.4.6 Ons tref formele taalgebruik aan.
1.4.7 Tydskrifartikels word in Standaardafrikaans geskryf.
1.4.8 Die inhoud is op feite gebaseer. **(slegs EEN)** (1)

2 **Resensie:** <u>Die oord</u>

2.1 Die ***rustige atmosfeer van die vakansieoord*** verander in 'n ***spanningsvolle*** en ***verdagte atmosfeer,*** aangesien 'n ***beperkte groep mense*** met 'n lang ***geskiedenis*** van ***noue vriendskapsbande*** en ***herinneringe*** skielik elk van die moord op 'n ***geliefde*** verdink word. Sodoende laai die spanning.

2.2 Aanvanklik is die ***atmosfeer*** ontspanne en sorgeloos, maar na die moord is dit geheimsinnig, donker en gespanne.

2.3 Geheime veroorsaak wantroue en verdenking, wat konflik tussen die karakters tot gevolg het.

2.4 Tydens die ***klimaks*** verkry ons die antwoord op al die onbeantwoorde vrae.

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

1 Droom jy van ’n vakansie waar die see en sonstrale jou elke oggend begroet?

2 Helder – kristalhelder / glashelder

3 Droom jy van ’n vakansie waar die helder see en vrolike sonskynstrale jou elke oggend begroet en jy die seesand wat wit is, al tussen jou tone kan voel?

4 Net jy, die natuur en die brekende branders.

5 By ons sal elke gas se diepste verlange na rus, ontspanning en ontsnapping aan die daaglikse lewe in werklikheid omskep word.

6 By ons word elke gas se diepste verlange na rus, ontspanning en ontsnapping aan die daaglikse lewe in werklikheid omskep.

7 Vrede – bevredig

8 By ons kan jy al jou bekommernisse by die werk verruil vir ’n wêreld van vrede.

9 Ontsnapping – ontsnap

10 Dit is aangenaam hier; amper soos in die hemel.

11 Die oord bied wêreldklas-akkommodasie met ’n asemrowende see-uitsig waar elke sonsopkoms en -ondergang jou hart vul met vrede.

12 By die opeenhoping van klinkers word ’n koppelteken tussen die onderskeie klinkers wat elk ’n verskillende klank vorm, geplaas. Sodoende kan die klanke ***afsonderlik*** uitgespreek word.

13 Jy hoef ook nie bang te wees dat jy deur beurtkrag oorval sal word nie.

14 Elke chalet het sy eie braai-area gehad waar jy saans ’n tjoppie op die kole kon gooi.

15 Nie een chalet het sy eie braai-area waar jy saans ’n tjoppie op die kole kan gooi nie.

16 Jy kan in die aande ’n tjoppie op die kole gooi.

17 Al die chalets is rolstoelvriendelik.

18 Ons akkommodeer almal.

19 Diereliefhebbers is altyd welkom.

20 Skep soete herinneringe met jou geliefde troeteldier.

21 Is daar ook ’n restaurant met gekwalifiseerde kokke op die perseel?

22 Vars varser varsste

23 Die eienaar sê altyd: “Diere het ’n plekkie in my hart.”

24 Menige vissermanne vra vir ons om hulle op die diepsee uit te neem.

25 Wie vra ons om hulle op die diepsee uit te neem? /
Waarheen vra menige vissermanne ons om hulle uit te neem?

26 Ons verwelkom sulke versoeke.

27 Moenie hierdie geleenthede op ontspanning misloop nie.

28 Maak jou droomvakansie ’n werklikheid.

29 Ons tref personifikasie hier aan.

30 Telefonies – telefoon

**Vraestel 2** **Afdeling C** **Opsomming**

**Verslag oor artikel:** Beurtkrag

- Dit het die ekonomie ’n knou gegee, aangesien besighede en fabrieke negatief beïnvloed is. ✓

- Dit het huishoudings, ontspanning en studies ontwrig.✓
- Baie broodwinners het hul werk verloor.✓
- Die mens is meer bewus gemaak van energiebesparing. Gevolglik het baie huishoudings en besighede sonpanele laat installeer.✓
- Om die moontlikheid van toekomstige beurtkrag uit te skakel, moet meer in energie-infrastruktuur belê word en alternatiewe energiebronne soos son- en windkrag moet ontwikkel word.✓ **69 woorde**

**Vraestel 4** **Letterkunde**

1 **Drama:** Moet nooit op jou drome opgee nie

1.1 Hierdie tekkies is die oorsaak dat ek nie aan die Comrades kan deelneem en sodoende my grootste wens 'n werklikheid kan maak nie.

1.2 Hy is dankbaar vir die goeie raad en vasberade om sy droom te bewaarheid.

1.3 Terwyl hy tydens sy ***eerste*** spreekbeurt terneergedruk en moedeloos is, aangesien hy nie aan die Comrades kan deelneem nie, is hy tydens sy ***tweede*** spreekbeurt vasberade om wél aan die Comrades deel te neem.

1.4 Met hierdie tekkies kan hy sy droom 'n werklikheid maak.

1.5 Hy neem verantwoordelikheid vir sy droom en gaan nie die las op sy pa plaas nie, aangesien hy weet dat sy pa nie geld vir nuwe tekkies het nie.

1.6 Vasberadenheid / Deursettingsvermoë / Onselfsugtigheid / Verantwoordelikheid / Hardwerkendheid

1.7 Die inleiding en die eerste insetsel speel langs die atletiekbaan af, terwyl die laaste insetsel by die wenstreep van die Comrades afspeel.

1.8 Die vervulling van Nel se droom.

1.9 Waar hy aanvanklik moedeloos en terneergedruk was, aangesien hy vas geglo het dat hy nie aan die Comrades sou kon deelneem nie, was hy teen die einde opgewonde, aangesien hy ***sy droom 'n werklikheid gemaak*** het met sy deursettingsvermoë en hardwerkendheid.

1.10 Dit bevestig sy pa se trots op hom en sy geloof in hom. Ook is hy dankbaar vir sy pa se belangstelling in hom en sy droom wat bewaarheid is.

1.11 Deur hard te werk en deursettingsvermoë aan die dag te lê, kan ons ons droom 'n werklikheid maak. / Ons mag nooit op ons drome opgee nie. /
Met die regte gesindheid, kan ons ons drome 'n werklikheid maak.

1.12 Nel streef sy droom na en maak dit 'n werklikheid, nieteenstaande die gebrek aan fondse.

1.13 Aangesien ***Nel*** sy droom wil bewaarheid en ***gedurende*** die drama word daarop gewys hoe hy wél sy droom bewaarheid.

1.14 Enige realistiese antwoord wat met die inhoud van hierdie drama verband hou.

1.15.1 Karakters tree handelend op.

1.15.2 Daar is 'n hoofkarakter.

1.15.3 Die handelinge en dialoog hou verband met hul emosies.

1.15.4 Tyd en ruimte word aangedui.

1.15.5 Ons tref dialoog hier aan.

1.15.6 Emosies word tydens ***toneelaanwysings*** uitgebeeld.

1.15.7 Emosies, plek en tyd word tydens ***tussensetsels*** aangetoon.
1.15.8 Karakterontwikkeling vind plaas.
1.15.9 Hier word 'n tema, spanning en klimaks aangetref.
1.15.10 'n Morele les word geleer. **(slegs EEN)**

## 2 <u>**Gedigte**</u>

2.1 <u>Die bokser</u>

Die aggressiewe klankherhaling het 'n spannende atmosfeer tot gevolg.

2.2 <u>Kinders van die wind</u>

Die stemming van nostalgie / weemoed / verlange / herinnering / heimwee

2.3 <u>Verhaal</u>

Dit dui op emosionele kontras / teenstelling / antitese

2.4 <u>Sprokie vir 'n stadskind</u>

Dit handel oor besoedeling en modernisering. /
Dit handel oor die menslike invloed op die natuur. /
Dit handel oor die verlies van natuurlike skoonheid.

2.5 <u>Die soldaat</u>

"Alleen
in die woestynaand se skemering
wat stadig om hom kring
vaal soos die stof
waardeur sy swaar soldateskoene plof."

**Naslaanbronne** **Junie 2026**

**Kortverhaal:** Kon ek die horlosie maar net 30 jaar terugdraai
*Eugene van der Westhuizen*

**Jeugverhaal:** Verandering kan aansteeklik wees
*Eugene van der Westhuizen*

**Tydskrifartikel:** Sukses is nie noodwendig buite jou bereik nie
*Eugene van der Westhuizen*

**Resensie:** Die oord *kykNET-dramareeks*
Skrywers: *Christiaan Olwagen en Lorraine Burger*
Resensie: *Eugene van der Westhuizen*

**Advertensie:** Silwerkus Lagoon-vakansieoord
*Eugene van der Westhuizen*

**Artikel:** Beurtkrag
*Eugene van der Westhuizen*

**Drama:** Die droom van 'n paar tekkies
*Eugene van der Westhuizen*

**Gedigte**

***Die bokser*** *Ernst van Heerden*
N.P. van Wyk Louw. *Tristia en ander verse, voorspele en vlugte*, 1950–1957
*Human & Rousseau, 1962*
Uit: *Verklaarde nag,* Nasionale Pers, 1946

***Kinders van die wind*** *Koos du Plessis*
*Vers en Vlam* *Human & Rousseau, 2015*
*J. Ferreira, Erna du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*

***Verhaal*** *Elizabeth Eybers*
*Vers en Vlam* *Human & Rousseau, 2015*
*J. Ferreira, Erna du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*

***Sprokie vir 'n stadskind*** *Koos du Plessis*
*Verskuns* *Macmillan South Africa (Pty) Ltd, 2015*
Saamgestel deur*: Riens Vosloo*

***Die soldaat*** *Uys Krige*

*Vers en Vlam* *Human & Rousseau, 2015*
*J. Ferreira, Erna du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*